



BRAUNVIEH SA

Posbus/PO Box 7864 • Bloemfontein 9300 • Suid-Afrika/South Africa
Tel/Fax: 051 430 4352

Braunvieh S.A.

Nuus News

Die Sekretaresse
S.A. Braunvieh
Posbus 7864
Bloemfontein
9300

The Secretary
Braunvieh S.A.
P.O. Box 7865
Bloemfontein
9300

Kantoor Tel en Faks

051-4304352

Office Phone & Fax

Webblad

www.braunvieh.co.za

Website

President:

Cois Harman (083 265 6210)

President

Julie 2007

Elke dag is 'n kans, uitdaging
Om vreugde in iemand se lewe te bring.
Om die lewe vir 'n ander makliker te maak en daardeur self ook geluk te smaak.

Algemeen:

Wel, ek dink dat daar min van julle is wat met my sal stry oor hierdie winter! Dit is een van die koudstes wat ek nog ooit beleef het en die ergste is dat dit vir my lyk of dit nog ver van verby af is. Julle moet hierdie nuusbrief asseblief deeglik lees, aangesien hier BAIE NUWE INLIGTING met betrekking tot stoetteling en die Braunvieh is. Dankie aan almal wat die vertoners tydens Vryburg Skou kom ondersteun het en ons hoop om sommer weer 'n klomp telers by Pretoria Skou te sien

Algemene Jaarvergadering:

Tydens die Algemene Jaarvergadering is die nuwe raad verkies en is as volg:

Cois Harman (President)	083 265 6210 (Zeerust)
Pieter De Villiers (Vise-President)	082 920 7309 (Stella)
Christopher Havenga (Lid)	082 821 1527 (Petrusville)
Bennie Coetzer (Lid)	083 766 6557 (Heilbron)
Kobus Bezuidenhout (Lid)	082 374 5022 (Brandfort)

Cois, baie geluk met die verkiesing as die nuwe voorsitter van die Braunvieh. Ons het volle vertroue in jou! Baie welkom aan Bennie en Kobus wat nuut tot die raad verkies is, ons weet dat julle 'n groot bydrae sal lewer tot die opbou van die Braunvieh.

Pat, thank you for your contribution during your time as member of the Braunvieh council.

John, ons vorige voorsitter, baie dankie vir jou groot bydrae wat jy gelewer het as voorsitter van die Braunvieh.

Na die vergadering, wat deels in die donker (weens 'n kragonderbreking) afgehandel is, het Pieter en Erika vir ons 'n heerlike braai gereël. Baie dankie vir julle moeite.

Vryburg Skou:

Vryburg Skou het vanaf 25 tot 27 April 2007 plaasgevind. Hier is van die uitslae:

Vroulike Diere

Kalf Kampioen: Christopher Katrina (Christopher Havenga)

Res. Kalf Kampioen: Christopher Talta (Christopher Havenga)

Junior Kampioen: Ac-Cattle Co Adam Prinses (AC De Villiers)

Reserwe Junior Kampioen: PDW-Ranch Paulana (PDW & HB De Villiers)

Senior Kampioen: Alphine Fabian Donsie (Hampie van Zyl)

Reserwe Senior Kampioen: PDW-Ranch Kroenli (PDW & HB De Villiers)

Groot Kampioen Koei: Alphine Fabian Donsie (Hampie van Zyl)

Reserwe Groot Kampioen Koei: AC-Cattle-Co Adam Prinses (AC De Villiers)

Manlike Diere:

Kalf Kampioen: Christopher Steve (Christopher Havenga)

Reserwe Kalf Kampioen: PDW-Ranch Jan 71 (PDW & HB De Villiers)

Junior Kampioen: AC- Cattle-Co Marlo (AC De Villiers)

Reserwe Junior Kampioen: Vaaldu No (Pat Wethmar)

Senior Kampioen: Christopher Rick (Christopher Havenga)

Groot Kampioen Bul: Christopher Rick (Christopher Havenga)

Reserwe Groot Kampioen Bul: Christopher Steve (Christopher Havenga)

STANDERTON SKOU 2007

Gedurende die week van 2-5 Augustus was dit die 100-ste herdenking van die Standerton skou. Vir die eerste keer in jare was daar Braunvieh beeste te siene. Drie Telers van die Braunvieh Elite groep het met die herdenkingskou, beeste gaan skou. Die telers wat beeste vertoon het, was: Danie Fitzgerald, van die Adeline Braunvieh stoet, Hans Bester se dogters, Molly en Daleen Bester met hul Witbek Braunvieh stoet, Pat Fitzgerald met sy Deuler Braunvieh stoet.

Witbek stoet se goed versorgde verse het baie aandag getrek. Selfs van die ander rasse se vertoners het met lof gepraat van die professionele skou optrede van Daleen en Molly Bester. Die jong dames het vir telers sowel as touleiers 'n les gegee in netheid en voorbereiding van beeste in die skouring.

Molly het 'n eerste plek in die klas: vers of koei 24-30 maande behaal.

Daleen het weer 'n 1ste plek in die klas: 21-24 maande gekry.

UITSLAE VAN DIE WENNERS

Junior kampioen vers, sowel as raskampioen Gwen (Adeline Braunvieh)

Junior kampioen bul, sowel as raskampioen - Su Man (Adeline Braunvieh)

Reserwe junior kampioen vers - (Witbek Braunvieh)

Reserwe junior kampioen bul - (Adeline Braunvieh)
Senior kampioen koei (Deuler braunvieh)
Reserwe senior Kampioen koei - (Deuler Braunvieh)

Met die interras beoordeling het Adeline Braunvieh stoet se bul en koei 'n baie mooi prentjie vertoon van die Braunvieh ras. Die beoordelaar, mnr. Willem Pistorius het goeie kommentaar gelewer oor die Braunvieh ras kampioene op die skou.

Bennie Coetzer het opgetree as beoordelaar. Sy besondere kennis van die ras het vir vertoners sowel as toeskouers trots gemaak op die Braunvieh ras.

Veiling:

3 Braunvieh Bulle is tydens die Vryburg Skouveiling verkoop vir die volgende bedrae: R17 000, R18 000 en R15 000.

Prestasietoetsing:

Soos deur die Raad versoek, is die Fase C1 en C2 minimum- en maksimum leëpens aankoms gewigsgrense vir Braunvieh Bulle met onmiddellike effek verhoog met 10kg elk. Die nuwe leëpens aankoms gewigsgrense vir Braunvieh Bulle is dus nou van 260kg tot 320kg.

BLUP analise is gedoen en op Intergis gelaai. Die telers wat toegang tot Logix het, kan nou daarop ingaan en 'n bul soek wat aan sekere vereistes soos deur hulle verlang, voldoen

Die LNR maak jaarliks aan die begin van Junie toekennings aan die Beste Produseerende Koeie in 'n ras. Die Braunvieh het 2 Voortreflike toekennings, 2 Superieur toekennings en 3 Elite toekennings gekry. Baie geluk aan die telers.

Die koei DP02 210 van Willie Du Plessis sal die jaar die Farmer's Weekly LNR Beste Elite Koei toekenning vir die ras ontvang.

Sy is gebore op 25/04/1994, het alreeds 10 kalwers gehad en het haar eerste kalf op 30 maande gekry. Haar gemiddelde TKP is 372 dae en sy het 'n reproduksie indeks van 113. Baie geluk, oom Willie.

Christopher Havenga se bul, Christopher Steve (CDH 0522), verteenwoordig die Braunvieh tydens die Spesiale Prestasietoetsklas tydens Pretoria skou. Die bul het 'n GDT van 2.188 en 'n VOV van 5.7.

Baie geluk en sterkte!

Pretoria Skou

Die beoordeling vind op Dinsdag 28 Augustus 2007 plaas. Daar is 6 telers wat 49 diere ingeskryf het. Baie dankie aan die telers en sterkte. Die beoordeling sal deur Bennie Coetzer en Christopher Havenga gehanteer word. Hoop ons het sommer 'n klomp toeskouers daar.

Veiling:

Daar word op Donderdag, 30 Augustus, om 11vm 'n veiling by die Pretoria skou aangebied. Die Braunvieh het vier inskrywings tydens die veiling.

1 Bul Cois Harman

1 Bul en 2 dragtige verse Philip Wessels

Kontak gerus die telers vir meer inligting oor die diere.

DNA:

Hierdie is baie belangrik!

Telers moet asb weereens kennis neem dat alle bulle wat gebruik word se DNA profiele gedoen moet wees as kalwers gerapporteer word. 'n Goeie voorstel is om wanneer jy bulle by jou koeie insit, dadelik sterthare te trek en na Irene te stuur. Sodoende is dit reeds op rekord teen die tyd dat die kalwers gebore word. Onthou die bul kan iets oorkom of jy kan hom verkoop en dan het jy 'n probleem met die registrasie van jou kalwers.

Julle moet ook asb sodra julle die laboratorium nommer van Irene af ontvang, 'n afskrif aan die kantoor deurstuur, Irene doen dit nie.

Ek sê gou weer hoe dit gedoen moet word:

Sterthare moet in 'n koevert geplaas word, met die bul se besonderhede duidelik daarop aangebring.

Ons sit sommer gewoonlik die sterthare en bul se besonderhede in 'n banksakkie en dan in 'n koevert.

Adres: Dieregenetika
LNR
Privaatsak X2
Irene
0062

Nasionale Kampioenskappe 2009:

Die volgende Nasionale Kampioenskappe is in 2009 en word op Vryburg gehou. Die Nasionale Kampioenskappe daarna is in 2012 en sal in Pretoria aangebied word. Julle kan nou nie eintlik sê dat ons julle op die nippertjie laat weet het nie!

Dekkingsinligting:

Dit is nou 'n vereiste van ICAR (hulle is die waghonde van die stoetbedryf) dat Stamboek deklingsinligting op die stelsel moet opneem. Dit wil sê dat telers nou hulle paringslyste sal moet instuur vir opname op die stelsel. Met ander woorde die bul se besonderhede en die lys van koeie wat by hom geloop het en van wanneer tot wanneer hy by hulle was. Telers wat net een bul gebruik en die bul die heel jaar by koeie laat loop, moet elke 6 maande so 'n lys instuur. Dieselfde geld vir wanneer u KI.

Terwyl ons nou met die onderwerp van dekkings besig is, moet telers onthou om besonderhede van dekkings agterop registrasie sertifikate aan te bring, wanneer dragtige diere verkoop word.

Vrugbaarheids Sertifikate

Die SA Veterinêre Raad het ons verwittig dat net 'n veearts 'n vrugbaarheids sertifikaat kan uitreik vir bulle.

Inspeksies:

Die Braunvieh word met geboorte geregistreer, maar daarna moet elke geregistreerde dier gekeur word. Die minimum ouderdom vir keuring is

12 maande. Die kwessie van die keuring is deur die raad bespreek en hulle het besluit dat die keuring gedoen moet word, aangesien dit so in ons Grondwet beskryf word.

Die raad versoek dat u die kantoor so gou as moontlik sal laat weet wanneer u keuring verlang (Onthou net die diere moet 12 maande en ouer wees met inspeksie). Dit sal waardeer word indien u so gou as moontlik sal laat weet sodat telers wat in dieselfde omgewing woon, saam besoek kan word. Die datum hoef net as riglyn te dien sodat die keurders hulle roetes kan beplan.

Die kostes vir keuring beloop as volg: R200.00 per dag en R2.20 per km vanaf keurder se huis en terug.

Die volgende persone is keurders:

Piet De Villiers (Stella) 082 670 6089

Bennie Coetzer (Heilbron) 083 766 6557

John Havenga (Petrusville) 082 578 5556

Ek heg 'n vormpie aan wat u kan invul en aan die kantoor pos.

Uit die Kantoor:

Herstel van diere:

Vanaf 1 Julie 2007 is die fooi wat betrekking het op die herstel van diere, wat voorheen gekanselleer was, verhoog na R50.00 per dier. Die fooi word deur Stamboek vasgestel. Onthou dat vir die herstelde dier 'n per kapita fooi van R40.00 deur die genootskap gehef word vir die jaar waarin herstel plaasvind. Geen dier wat as dood gekanselleer was, kan herstel word nie. Diere wat tydens inspeksie afgekeur is, kan alleenlik herstel word indien weer gekeur en goedgekeur is vir registrasie deur 'n keuringsbeampte. Dieselfde fooie soos bo vermeld geld ook vir so'n situasie.

Perkapita Fooie:

Die lede- en perkapita fooie vir 2007 is betaalbaar op 31 Julie 2007. Indien u enige probleme ondervind met die betaling is u welkom om met die kantoor te skakel en reëlings te tref. Let wel dat daar op alle uitstaande bedrae rente van 1.5% per maand gehef word na 90 dae.

Tannie Minnie gaan bietjie blomme kyk, so die kantoor sal gesluit wees vanaf Maandag, 20 Augustus 2007 tot Vrydag, 24 Augustus 2007. Tannie moet die ruskansie en die blomme BAIE geniet!

Inspeksie van Braunvieh

Ek, _____ versoek inspeksie van my diere.

Getal Manlik: _____

Getal Vroulik: _____

Datum waarop inspeksie verlang word: _____

Handtekening: _____

Datum: _____

(Vul in en faks of pos na kantoor, dankie.)